




Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (031) 764-0074 of 086 637 7808
 E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Natuurwetenskap – Graad 7

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.



Voorbeeld:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Lewende selle

1. Kyk na die diagram regs. Watter sel is 'n diersel?

(a) Sel A of (b) Sel B

Pas die byskrifte by vraag 2, 3, 4, 5, 6, en 7 op die diagram by die woorde in (a) – (d).

(a) Sitoplasma (b) Vakuool
(c) Kern (d) Selwand

8. Die basiese eenheid van die struktuur en funksie van alle lewe is die

(a) kern. (b) sel
(c) element. (d) hart.

9. Die boustene van alle lewende wesens is

(a) orgaanstelsels. (b) spiere. (c) bene. (d) selle.

10. Watter een is nie deel van die selteorie nie?

(a) Alle lewende dinge bestaan uit selle.
(b) Selle is die basiese eenheid van struktuur en funksie van lewe.
(c) Selle is te klein om met die blote oog gesien te word.
(d) Nuwe selle kom van bestaande selle.

11. 'n Organisme wat slegs uit 'n sel bestaan is

(a) veelsellig. (b) eensellig. (c) vaskulêr. (d) proties.

12. Wat is nie in 'n diersel teenwoordig nie?

(a) Selmembraan. (b) Kern. (c) Selwand. (d) Water.

13. Respirasie vind in alle selle plaas. Wat word gedurende respirasie vrygestel?

(a) Energie. (b) Glukose. (c) Suurstof. (d) Water.

14. Watter twee stowwe word gedurende respirasie in dierselle verbruik?

(a) Energie en water. (b) Glukose en water. (c) Suurstof en glukose. (d) Koolstofdiksied en water.

15. Watter twee stowwe word gedurende respirasie in dierselle geproduseer?

(a) Energie en water. (b) Glukose en water. (c) Suurstof en glukose. (d) Koolstofdiksied en water.

16. Die vermoë van sekere organismes om verlore liggaamsdele te hergroeï staan bekend as

(a) 'n wonderwerk. (b) teruggroei-vermoë. (c) fotosintese. (d) regenerasie.

17. Die kleinste deeltjie van 'n element is

(a) 'n atoom. (b) 'n verbinding. (c) 'n oplossing. (d) 'n molekule.

18. Alle lewende dinge bevat watter element?

(a) Helium. (b) Natrium. (c) Koper. (d) Koolstof.

